

Versoekings is deel van 'n groter stryd

Orals waar Jesus Christus as Verlosser en Koning erken en bely word, is daar konflik en stryd. Die wortels van daardie stryd lê in Genesis 3 waar Satan na die mens toe gekom het om hom te versoek, en God gesê het "daar sal vyandskap wees". Nie net vyandskap tussen die vrou en die slang nie, maar tussen haar saad en sy saad. Met ander woorde, vyandskap tussen die nageslag van die vrou en die nageslag van die slang of tussen die kinders van God en die kinders van Satan.

Dit is 'n vyandskap tot die dood toe, 'n vyandskap wat gekonsentreer en toegespits is op dié kind van God, ons Here Jesus Christus.

Dit is die agtergrond van die vierde bede. Daar woed 'n geweldige storm rondom Jesus Christus, en omdat jy met bande van geloof en liefde aan Hom verbind is, staan jy midde-in daardie storm. Jy moet weet dat jy 'n teiken vir Satan is en dat hy alles in die stryd sal werp om jou ondergang te bewerk. Ons word nie verniet gewaarsku om nugter en wakker te wees nie. Daar staan dat ons vyand, die duiwel, soos 'n brullende leeu rondloop op soek na iemand om te verslind (1 Pet. 5:8)!

Hoe bly 'n mens staande in hierdie stryd tot die dood toe? Ons Here wat die kop van die slang vermorsel het, het die antwoord gegee toe Hy ons geleer het om te bid: "Laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose." Jy moet jou krag in die Here soek en in sy groot mag (Ef. 6:10).

Sing: Skrifberyming 14-3:1, 2

Ds. CJH (Casper) Breed (Secunda)